213/92

LL

Saak No 480/1991

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

APPèLAFDELING

Insake die appèl van:

JOSEPH MANETJA — Appellant

teen

DIE STAAT — Respondent

CORAM: VAN HEERDEN, E M GROSSKOPF en NIENABER ARR

VERHOORDATUM: 12 NOVEMBER 1992

LEWERINGSDATUM: 26 NOVEMBER 1992

---

UITSPRAAK

---

VAN HEERDEN AR:

Op 13 Januarie 1988 is wyle J C C Cloete in 'n kraal op sy hoewe in die distrik van Pretoria aangerand. Hy is met 'n hamer twee houe teen sy kop toegedien. Hierna is sy hande en voete met 'n tou en draad vasgebind. Kort na die toediening van die houe het hy gesterf.

Ten tye van hierdie voorval was die oorledene se vrou doenig buite die huis op die hoewe, en betreklik naby die kraal. Nadat die oorledene onskadelik gestel is, het twee swart mans haar vasgegryp. Sy is na binne gedwing en op verskeie wyses aangerand. 'n Derde swart man het die huis ingekom en met een van die aanranders gepraat. Terwyl die drie mans nog in die huis was, het sy daarin geslaag om te ontvlug.

Hierdie gebeure het gelei tot die verhoor van die appellant en twee medebeskuldigdes ("Silas" en "Thomas") in die Transvaalse Provinsiale Afdeling.

Na afloop daarvan is al drie skuldig bevind aan moord op die oorledene en aan poging tot roof met verswarende omstandighede. Op 8 Februarie 1989 het die verhoorhof (Heyns R en assessore) bevind dat, wat die moord betref, versagtende omstandighede slegs ten opsigte van die medebeskuldigdes aanwesig was. Gevolglik is die ses-en-veertigjarige appellant op die moordklag ter dood veroordeel.

Aansoeke van die appellant om teen sy skuldigbevinding op die moordklag en bedoelde vonnis te appelleer is deur die verhoorregter en later deur hierdie hof afgewys. Daarna het Wet 107 van 1990 in werking getree. Die onderhawige appèl dien nou voor ons ingevolge die bepalings van art 19(12) van daardie Wet.

Die verhoorhof het bevind dat al drie beskuldigdes tydens die aanranding in die kraal was, en dat dit die appellant was wat die houe met die

hamer toegedien het. Voorts is bevind dat die opset-vorm van die medebeskuldigdes dolus eventualis was, maar dat die appellant die oorledene se dood met oogmerkopset veroorsaak het. Die verwyt wat die medebeskuldigdes na die hof se oordeel getref het, was dat hulle bewus was dat geweld aangewend sou word; voorsien het dat die oorledene as gevolg daarvan sou kon sterf, en bereid was om hierdie gevolg op die koop toe te neem. Betreffende die appellant se gesindheid is die volgende gesê:

> "Die hof vind eenparig dat [die appellant] die twee houe met die hamer aan die oorledene toegedien het. Hy het besef dat dit die oorledene se dood kon veroorsaak. Sy verdere optrede met die oorledene, naamlik om die ander te beveel om sy voete vas te maak en sy hande met draad vas te bind en daar te laat in die kraal sonder enige hulp en dan voort te gaan met die rooftog dui onses insiens daarop dat hy die direkte opset gehad het om die oorledene te dood."

Die appellant se advokaat het in eerste

instansie betoog dat dit nie buite redelike twyfel blyk dat die appellant die dood van die oorledene begeer het nie. Dit synde so, is voorts aangevoer, moet hierdie hof die gepastheid van die doodstraf oorweeg op die grondslag dat 'n verwyt van slegs dolus eventualis die appellant tref. Die respondent se advokaat het egter teengewerp dat die beslissing van hierdie hof in S v Mamkeli 1992 (2) SASV 5(A), in die weg van aanvaarding van die betoog staan.

In daardie saak is slegs beslis dat wanneer 'n appèl ingevolge art 19(2) van die 1990 Wet voor hierdie hof dien, dit nie regsbevoeg is om die juistheid van die skuldigbevinding te oorweeg met die oog op die moontlike tersydestelling daarvan nie. In casu kom die skuldigbevinding egter glad nie ter sprake nie. Die appellant gee toe dat hy tereg aan moord skuldig bevind is. Sy betoog is slegs gerig teen 'n feitebevinding van die verhoorhof wat vir

doeleindes van skuldigbevinding nie nodig was nie. En indien ons hom gelyk sou gee, bly die skuldigbevinding staan maar word die vraag of die doodstraf die enigste gepaste straf is, oorweeg in die lig van 'n bevinding waartoe die verhoorhof moes gekom het. Dit is trouens die enigste wyse waarop die gepastheid van daardie vonnis sinvol oorweeg kan word.

Die verhoorhof het nie bevind dat die houe as sodanig met oogmerkopset toegedien is nie. Daar is dan ook aanduidings dat toe hy die oorledene geslaan het, die appellant nie beoog het om hom om die lewe te bring nie. Eerstens het Silas getuig dat toe hulle na die hoewe geloop het, die appellant gesê het: "Kyk, waar ons gaan, gaan ons nie bloed giet nie, ons gaan net geld haal". Hierdie brokkie getuienis is na my mening redelik moontlik waar. Tweedens lei die appellant se opdrag dat die oorledene vasgebind moes word tot slegs een redelike

gevolgtrekking, nl dat die appellant gemeen het dat die oorledene nie dood was nie, maar slegs bewusteloos, en dus weer sou kon bykom. En indien die appellant die oorledene wou vermoor, sou hy hom sekerlik daar en dan verder met die hamer geslaan het, of gesteek het met die mes in sy besit.

Soos blyk uit die passasie in die uitspraak wat hierbo aangehaal is, het die verhoorhof bevind dat die appellant oogmerkopset gehad het omdat hy na die aanvanklike aanranding die oorledene vasgebind en laat vasbind het en toe "sonder enige hulp" in die kraal gelaat het. Die afleiding dat die appellant gemeen het dat die magtelose oorledene sou sterf, is nie onredelik nie. Dit is egter minstens ewe moontlik dat die appellant gedink het dat die oorledene die gebeure sou kon oorleef en later bevry sou kon word. Ek meen dus dat nie buite redelike twyfel gekonkludeer kan word dat die appellant op enige

stadium met <u>dolus</u> <u>directus</u> opgetree het nie. Wat die verhoorhof dus moes bevind het, was dat die appellant die <u>moontlikheid</u> van dood as gevolg van óf die toedien van die houe, óf daardie aanranding in kombinasie met die hulpeloosstelling van die oorledene, voorsien het en onverskillig daarteenoor gestaan het.

Benewens bostaande is daar nie enige noemenswaardige versagtende faktor nie. Die verswarende faktore is formidabel. In eerste instansie is die appellant nie vreemd aan geweld nie. Vir sover sy vorige veroordelings ter sake is, is hy in 1966 en 1977 skuldig bevind aan onderskeidelik strafbare manslag en aanranding met die doel om te verkrag. Meer resent is hy in 1983 skuldig bevind aan gewapende roof. Hy is blykbaar op 25 November 1987 op parool uit die gevangenis vrygelaat - minder as twee maande voor die moord op die oorledene. By 'n

evaluering van die gewig wat sy vorige veroordelings moet dra, dien egter in gedagte gehou te word dat die eerste twee misdade gepleeg is meer as onderskeidelik 20 en 10 jaar voor die aanval op die oorledene, en dat geen fisiese geweld by die gewapende roof aangewend is nie.

Verdere verswarende faktore is dat die rooftog - en die daarmee gepaardgaande aanranding van die oorledene - 'n geruime tyd voor die gebeure beplan is. Daarvolgens moes die redelik bejaarde oorledene op gewelddadige wyse deur drie boosdoeners buite aksie gestel word. Dit sou op 'n redelik afgeleë hoewe gebeur nadat die ~~appellant~~ oorledene deur 'n slinkse streek van sy woonhuis weggelok is. En die motief was suiwer finansiële gewin.

By 'n opweging van bogenoemde faktore moet die klem egter val op die aanname dat die appellant nie die oorledene se dood begeer het nie. Ek kan ook

nie buite redelike twyfel bevind dat hy hom die intrede van dood as 'n sterk moontlikheid voorgestel het nie. In hierdie verband kan daarop gewys word dat die oorledene nie 'n skedelfraktuur opgedoen het nie, en dat dit volgens die mediese getuienis waarskynlik - of *in elk geval* redelik moontlik - is dat die oorledene .skrams houe toegedien is. Nieteenstaande die gewigtige verswarende faktore meen ek dus, weliswaar nie sonder 'n mate van huiwering nie, dat die doodvonnis nie die enigste gepaste straf is nie. Die samelewing moet egter sover moontlik teen die appellant se kriminele, en meer bepaald, gewelddadige, neigings beskerm word. Dit kan bes gedoen word deur die bestaande vonnis te wysig na lewenslange gevangenisstraf.

Die appèl slaag en die doodvonnis wat die

appellant op die moordklag opgelê is, word vervang met lewenslange gevangenisstraf.

H J O VAN HEERDEN AR

E M GROSSKOPF AR

STEM SAAM

NIENABER AR